Publication: Landbouweekblad
Title: LIBSTAR SIEN GROOT GELEENTHEDE IN SUIWEL
AVE: 29732.01
Page: 19
Publish Date: 17 September 2020
Author: CARIEN KRUGER

MAATSKAPPYE

LIBSTAR SIEN GROOT GELEENTHEDE IN SUIWEL

DIE suiwelbedryf bied nog baie geleenthede vir groei, sê mnr. Andries van Rensburg, uitvoerende hoof van die Libstar-groep, wat Lancewood besit. Die groep bestee vanjaar R34 miljoen aan die vernuwing van geriewe by Lancewood.

Van Rensburg het in 'n onderhoud oor die groep se finansiële resultate vir die halfjaar tot 30 Junie 2020 gesê die groep belê baie in Lancewood om nuwe moontlikhede te skep. Lancewood is volgens Van Rensburg nou 30 keer groter as toe Libstar dit sowat 10 jaar gelede oorgeneem het. Verkope van suiwelprodukte toon volgens hom 'n groeiende neiging, ook onder lae-inkomsteverbruikers.

"Kleinhandelverkope groei met dubbelsyfers en meer."

Die vernuwing van melkontvangs- en kaasverpakkingsgeriewe en 'n verspreidingsentrum is weens Covid-19-verwante faktore in die tweede kwartaal van vanjaar vertraag, maar is volgens mnr. Charl de Villiers, finansiële hoof van Libstar, sedertdien hervat. Lancewood sal na verwagting in die eerste helfte van aanstaande jaar die vrugte begin pluk.

MEER KAAS GEMAAK

Van Rensburg het gesê Lancewood se vermoë om harde kase te maak, is die afgelope jaar verdubbel en sy jogurtverkope groei baie goed, iets waarop hy baie trots is.

Onder die 88 nuwe produkte wat Libstar in die ses maande tot einde Junie bekend gestel het, is daar ook nuwe jogurtprodukte.

Lancewood vervaardig ook sedert verlede jaar, in 'n gesamentlike onderneming met die Franse kaasonderneming Bel, dié maatskappy se Kiri- en Laughing Cow-kase by die Lancewood-aanleg in George vir bemarking in Suid-Afrika en die res van Afrika.

"Dit is vir ons 'n riem onder die hart dat die maatskappy ons genoeg vertrou het om die aanleg saam met ons te bou," sê hy.

Sulke uitbreidings skep volgens hom meer geleenthede vir boere in Lancewood se leweringsgebied, onder meer om koste oor 'n groter volume te versprei.

COVID-UITGAWES

Die Libstar-groep, wat 'n wye verskeidenheid voedselprodukte en produkte vir huishoudelike en persoonlike sorg vervaardig, se inkomste was in die ses maande tot einde Junie 1,9% hoër as in die eerste helfte van verlede jaar. Die inkomste uit voedselkategorieë, wat vir 91% van die groep se inkomste sorg, het met 1,1% gestyg.

Veral die verkope van vleisprodukte aan kitskosrestaurante is deur die inperking benadeel.

Libstar se genormaliseerde bedryfswins het met 16,4% gedaal weens onder meer R44 miljoen se buitengewone Covid-19-verwante uitgawes, soos skenkings aan behoeftige gemeenskappe, die vervoer van personeel, persoonlike beskermende toerusting en oortydbetaling vir skofte wat weens die handhawing van persoonlike afstand genoodsaak is. Libstar verwag dat sulke buitengewone uitgawes teen R800 000 tot R1 miljoen per week sal voortduur.

Nuwe Lancewood-jogurtprodukte is onder die 88 nuwe produkte wat Libstar in die ses maande tot einde Junie bekend gestel het.
FOTO: LIBSTAR

Mnr. Andries van Rensburg
FOTO: LIBSTAR

ONSEKERHEDE

Van Rensburg het gesê handelstoestande gaan na verwagting wisselvallig bly, wat vooruitskouings moeiliker as gewoonlik maak. Die uitwerking van Covid-19 op verbruikers is nog nie heeltemal duidelik nie. Hy verwag egter sterk vraag in klein- en groothandelverkope en dat uitvoer sal styg.

"Die voedseldienssektor is besig om sterk te herstel, maar die terugkeer na vorige vlakke sal geleidelik wees."

Sekere dele herstel vinniger as ander. "'n Mens hoef net te kyk hoe besig McDonald's soggens om 09:00 is."

Libstar het sy resultate op 'n dag met fase 4-beurtkrag bekend gestel. Van Rensburg het gesê die groep bestee deurlopend geld aan sonpanele en kragopwekkers by aanlegte om minstens te verseker dat produkte nie in die produksieproses verlore gaan nie.

– CARIEN KRUGER

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.